

Dinsdag 16 November

Skrifgedeelte: Jesaja 41:8-20

Fokusgedeelte: Jesaja 41:10

Die Here is altyd in beheer van sy skepping

In Jesaja 41 hoor ons dat God dit duidelik maak dat Hy in beheer is van sy skepping, al dink die nasies van die wêreld nie so nie. Ja, al mag dit selfs vir Israel nie so voel nie.

Wanneer ons Jesaja 41:8 en 20 lees, dan hoor ons dat die Here die verlossing vir sy volk Israel gaan bring. Teen hierdie tyd was hulle al ongeveer 70 jaar in ballingskap as gevolg van hulle ongehoorsaamheid aan die Here hulle God. Dit is die Here wat 'n nuwe wêreldheerser, Kores van Persië, uit die ooste laat kom en dit sal die gevolg hê dat Israel verlos word uit die Babiloniese ballingskap. Al die ander nasies moet kennis neem sodat hulle weet hulle afgode sal nutteloos wees wanneer dit gebeur.

Dit is duidelik dat God in beheer is van sy skepping en die wêreldgeskiedenis. Die verlossing is op pad en die Here bring dit met sy eie hand. Hy troos sy volk wat teen dié tyd al gedink het dat die Here hulle nie meer raaksien nie. In Jesaja 41:10 bring God aan hulle die bemoedigende woorde: *Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met My eie hand red ek jou.* Hy gee hulle nuwe hoop, Hy gee hulle 'n nuwe verwagting. Die Here alleen is krag tot redding.

Dit mag voel of jy in ballingskap is hier op aarde waar jy nog elke dag met die hartseer van die wêreld te doen het. Jy kan dalk ook maklik soms soos Israel dink (Jes. 40:27): die Here sien nie raak wat van my word nie ... Dit mag dalk lyk of wêreldleiers of regerings in beheer is van die wêreld.

Die feit van die saak is dat die Here ten volle beheer is van sy skepping en Hy sien jou, in jou omstandighede, raak. Hy het reeds die verlossing van sondes vir ons bewerk deur sy Gesalfde, Christus ons Here. Ons kan weet dat Hy weer gaan kom, Hy is op pad om ons op die bestemde tyd die volkome verlossing, ook van die wêreldse hartseer, te bring. Die Here alleen is krag tot redding.

Sing: Psalm 84-1:4

Ds. R Jansen van Vuuren (Riaan) (Lichtenburg)